
MAAK DIE PAD VIR
Die Here
GEREED
Lukas 3:1-6

# Johannes die Doper

- Wegbereider



## Lukas 1:17

En hy sal voor die Here uit gaan in dieselfde gees en krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad terug te bring en om so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei.



# Johannes die Doper

- Wegbereider
- Ware Profeet

# Markus 1:2-3

2 In die boek van die profeet Jesaja staan
daar geskrywe:
"Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit.
Hy sal die pad vir jou regmaak.
3 Iemand roep in die woestyn:
Maak die pad vir die Here gereed,
maak die paaie vir Hom reguit."


Markus 1:6
6 Johannes het klere van kameelhaar gedra
met 'n leerband om sy heupe, en hy het van
sprinkane en veldheuning gelewe.

## 2 Konings 1:8

8 Hulle het geantwoord: “Dit was ’n man met
velklere aan en met ’n velgordel om sy
middel.”
Daarop sê die koning: “Dit moet Elia die Tisbiet
wees.”

## *Lukas 3:2*


[2]In daardie tyd het die woord ***(rhema)*** van God tot Johannes, die seun van Sagaria, in die woestyn gekom.


Johannes die Doper
• Wegbereider
• Ware profeet
• Woestyn prediker


Markus 1:4
4Só het Johannes die Doper in die woestyn
opgetree. Hy het verkondig: Bekeer julle en
laat julle doop en God sal julle sondes
vergewe.

# Johannes die Doper

- Wegbereider
- Ware profeet
- Woestyn prediker
- Wegwyser na Jesus


Markus 1:7-8
7Hy het gepreek en gesê: "Die Een wat ná my
kom, is my meerdere. Ek is nie eers werd om
te buk en sy skoene los te maak nie. 8Ek het
julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle
met die Heilige Gees doop."


MAAK DIE PAD VIR
Die Here
GEREED
Lukas 3:1-6

Hierdie preek vind plaas in die vierde regeringsjaar van pres. Cyril Ramaphosa. Ace Magashule is sekretaris-generaal van die ANC, maar is geskors op aanklagte van korrupsie. Julius Malema is opperbevelvoerder van die EFF en John Steenhuisen is leier van die opposisie in die parlement.  André de Ruyter is aan die hoof van die sukkelende Eskom.

Nelis Janse van Rensburg is moderator van die NG Kerk se Algemene Sinode en Gustav Claassen is Algemene Sekretaris van die NG Kerk.

Dit is die tyd van CORONA en inperkingsreëls en die vierde vlaag is in Suid-Afrika op hande.

In daardie tyd word die gemeente van die Here herinner aan die woord van God wat 2,000 jaar gelede tot Johannes, die seun van Sagaria, in die woestyn gekom het.
Johannes het destyds (toe die tweede Romeinse keiser, Tiberius, wat Homself as God en Here beskou het, reeds 15 jaar aan bewind was) deur die hele Jordaanstreek gegaan en verkondig:
Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe.

Johannes het almal verder herinner aan die woorde van die profeet Jesaja:

Iemand roep in die woestyn:
Maak die pad vir die Here gereed,
maak die paaie vir Hom reguit.
Elke kloof moet opgevul
en elke berg en bult platgemaak word;
die krom paaie moet reguit
en die ruwe paaie gelyk word.
En al die mense sal die verlossing sien
wat van God kom.

# Lukas 3:1-2

1Dit was die vyftiende regeringsjaar van keiser
Tiberius. Pontius Pilatus was goewerneur van Judea,
en Herodes heerser van Galilea. Sy broer Filippus
was heerser van Iturea en Tragonitis, en Lisanias
heerser van Abilene. Annas en Kajafas was die
hoëpriesters.
2In daardie tyd het die woord van God tot Johannes,
die seun van Sagaria, in die woestyn gekom.

# God met ons

- Die Evangelie nie ‘n feëverhaal nie
- Magtiges buig voor God se plan
- Die kollig skuif na God se agenda
- God klim binne-in ons geskiedenis in

# Lukas 3:3-6

3 Hy het deur die hele Jordaanstreek gegaan en
verkondig: Bekeer julle en laat julle doop en God
sal julle sondes vergewe. 4 So staan dit geskrywe in
die boek van die profeet Jesaja: "Iemand roep in die
woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak
die paaie vir Hom reguit. 5 Elke kloof moet opgevul
en elke berg en bult platgemaak word; die krom
paaie moet reguit en die ruwe paaie gelyk word.
6 En al die mense sal die verlossing sien wat van
God kom."

# Maak die pad gereed

- Bekeer jou en volg God se koers
- Stel jouself oop vir God se werk
- Getuig van Wie God is!


MAAK DIE PAD VIR
Die Here
GEREED
Lukas 3:1-6